# 53479 Caught in the high tide. (May 2008)

This story (Afrikaans) in summary:

1. Departure from Foz do Cunene at NEAP LOW was spot on… BUT..
2. They lost time because the vehicles got stuck.
3. Midway in the death acre rocks opened up by the sea made it impossible for vehicles to pass. = Lost time
4. They rammed the vehicles up the dune.. wait for low tide and then returned to Foz do Cunene.

**Voetspore Dagboek**
**Dag 25: 21 Mei 2008**
2008-05-21








Die dag het baie goed begin. Koos Moorcroft het ons vroeg geroer in die kamp by Foz do Cunene. Tydsberekening sal vandag van kardinale belang wees.

Ons het net na sonop vertrek. 'n Mens ry strandlangs noord. Die gety sou binnekort begin uitgaan, en dan kan mens op die strand ry. Hoe verder ons gevorder het, hoe mooier was die wêreld. Daar was baie pelikane in die lagunes. So ook letterlik miljoene kormorante. In die baai by Baia dos Tigres het die dolfyne gejag.

Dit was 'n wonderlike dag. Dit was ook 'n voorreg om weer 'n 4x4 op die strand te laat werk. Ons het in 'n stadium gestop om 'n paar krappe af te neem. Miljoene van hulle wemel op die strand. Een van hulle het vir Lourens gedans voor die kamera. Om vir die krappe stil te hou, was dalk 'n fout!

Ons het net noord van Baia dos Tigres 'n kusstrook binnegegaan wat bekend staan as die doodsakker. Die reuse duine van die Namib kom tot teen die see. Daar is geen verbykomkans nie. Behalwe met laagwater tydens springgety. Dit was springgety, maar die laagwater het reeds gedraai. Die gety was al besig om in te kom. Ons het dit nie besef nie. Daar het 50 kilometer se nagmerrie voor ons gelê!

Eerste probleem ? Deo het vasgeval. Rey het omgedraai om te gaan help. Ek en Gideon is verder, noord. Die see het tot teen die duine begin spoel en die ?pad? toegemaak.

Die branders het oor die voertuie begin slaan. Ons het die Nissans se rewolusies net duskant die rooi gehou. Daar moes 'n uitkoms wees. Iewers moet die duine effens wyk. Maar dit het nie!

Toe kom ek en Gideon by 'n hindernis. Die see het reuse rotse oopgespoel. Geen voertuig kon daar verby nie!

Ons kon nie vorentoe nie, ons kon nie omdraai nie ? in 'n skaakmat gevang!

Genadiglik het Rey en Deo ook tot by ons gevorder. Die span was weer bymekaar. Ons kon saam planne maak. In daardie stadium het elkeen, sonder uitsondering, geglo die see gaan ons voertuie vat. Ons het gedoen wat ons gedink het die beste is.

Met 'n aanloop van net drie meter is die voertuie teen die duine uitgejaag. 'n Mens vorder nie ver nie; slegs so ver dat jou gatkant inwig op die strand. In dié proses het my linker agterband van die velling afgekom. Maar dit was die minste van ons probleme.

Ons het alle toerusting uit die voertuie gehaal en teen die duin gepak. Dit het heeltyd op die los sand bly afskuif. Alles was naderhand onder sand.

Maar toe is dit sit en wag. Wag vir die hoogwater om in te kom en weer om te draai. Teen vieruur die middag het die water teen die sleepwa en voertuie se agterkante begin slaan. Ons het gehoop dit sou gou verby gaan. Maar dit het nie! Die see het net aanhou naderkom en weer en weer!

Ek het vir Rico Sako, ons kontak in Angola, op die satellietfoon gekry. Hy't laat weet die laagwater is om tienuur die aand.

Teen agtuur het ons begin regmaak. Alles is weer terug in die voertuie gepak. Die Navara se wiel is omruil. (Makliker gesê as gedaan met 'n see wat die heeltyd onder die voertuig inspoel). Ek het 500 meter kus op gestap na waar daar nog klippe in die pad gelê het.

Ons het gehoop dat, as 'n brander ons 'n kans gee, ons om die eerste stel klippe sou kon ry. Maar as ons dan weer gevang word, het ons nog groter probleme. Die tweede stel klippe, het ek gesien, was nog 'n ernstiger probleem. Toe is ons terug.

Ons het die veertig kilo's tot terug tot by Baia dos Tigres gejaag met branders wat elke nou en dan oor die voertuie spoel. Dit was vreesaanjaend! Ons wou nie nou weer gevang word nie!

Net na elf is ons die doodsakker uit.

Wat 'n ondervinding!

Die manne het 'n vuurtjie aangepak en brand gemaak en toe vir 'n uur of drie net gesit en in die kole gestaar. Die adrenalien was nog te hoog om te gaan slaap!

Dit was die nouste ontkoming tot nog toe vir die Voetsporespan.

Ons gesels weer.

Johan